# Sonnerad

**NUUSBRIEF** VAN DIE SA VERENIGING VIR KULTUURGESKIEDENIS
**NEWSLETTER** OF THE SA SOCIETY FOR CULTURAL HISTORY

JG 41, NR 2
VOL 41, NO 2

September 2024

www.savk.org




SAVK Nasionale Kongresgangers 2024

## Redakteursbrief

Gelukkige Erfenismaand! Lees in dié uitgawe van ons nuusbrief oor ons lede se erfenisnuus en gebeure wat die jaar nog moet plaasvind. Stuur gerus enige erfenisnuus en gebeurtenisse deur die jaar aan Lizette Jansen by lizetteniemand1@gmail.com om in die *Sonnerad* geplaas te word.

## Editor's letter

Happy Heritage Month! Read our members' contributions on heritage news and events in the pipeline for the remainder of 2024, in this issue of our newsletter. Please send any heritage news and events to be advertised in the *Sonnerad,* to Lizette Jansen at lizetteniemand1@gmail.com.

## Wat is nuus? In the news

Uit die Raad / From the Council

Lief en Leed / Love and Loss

Museum- en erfenisnuus:
- Stellenbosch Dorpsmuseum open nuwe uitstalling: Gedwonge verskuiwings / Forced Removals
- Uitstallings by die Voortrekkermonument
- Die SP Engelbrecht Museum nooi jou vriendelik uit... 'n reis terug in tyd!
- FAK Familie- en Erfenisfees / FAK Genealogy Expo
- Erfenisstigting se Erfenisberaad

# ERFSTUK

deur
Elisabeth Eybers

Die stinkhoutkas het gister ingetrek.
Sy grimmige voogdyskap het getroon
oor al my kinderjare: nou moet ek
ylhoofdig van herinnering, by hom woon.

Van diè vermaledydye ambag moeg
maar nog vol sarrende halstarrigheid
wou ek verlede nag 'n vers uitswoeg
van woorde flitsend uit my vroegste tyd:

klanke wat glad of kantig op die tong
getintel het, waarvan die smaak vergaan –
lampolie, klepel, kraffie, lampetkom,
serfyn, aluinsteen, lanfer, lewertraan…

Die kronkels van my oorkanaal was vol
sagtartende sillabes wat kon toor
dat dertig jaar smelt tot 'n kaiingkol;
maar koekmakranka, wilde-als, konfoor,

kateder, doopvont, vysel en vergiet,
kwepersambal en karbolineum
bly onversoend en eensaam – dis verniet
dat ek hul ryg tot rym en ordening,

dat ek hul sif en skuif met oë wat skroei
van soek na 'n besweringsformulier
want hulle het plots geflikker en vervloei
tot mene, mene, tekel teen die muur.

# Uit die Raad

Soos dit dikwels (eintlik meestal) met planne en verwagtinge binne 'n organisasie gaan, realiseer dit selde binne die tydsraamwerk wat geantisipeer is. Presies dit het met die nuwe webtuiste van die SAVK gebeur wat ons gehoop het veel vroeër in die jaar reeds aktief sou wees. Daar word deurgaans aan die webtuiste gewerk, maar die detail van inligting en dokumentasie wat beskikbaargestel moet word, verg baie tyd en aandag ter wille van korrektheid.

Die nasionale kongres van 2025 (waarskynlik September) word beplan vir Philippolis, 'n minder bekende maar interessante dorpie in die Suid-Vrystaat. Ons nooi byvoorbaat lede, hul vriende en kollegas om by ons aan te sluit om verder te besin oor kultuurgeskiedenis en om al die ander byvoordele van 'n kongres saam met ons te kom geniet.

Mag ek nog 'n maal 'n beroep doen op lede van die SAVK om te probeer om nuwe lede vir die vereniging te werf.

**Prof Matilda Burden**
**Voorsitter / Chairperson**

# From the Council

Although there is a delay in activating the new SASCH website, we trust that the wait will be worthwhile. The website design is in professional hands and we hope to reach many more potential members and other interested persons when it becomes active.

The annual national conference of our society took place in April 2024 in Stellenbosch. With the theme being "The role of genealogy in cultural historical research" the conference was very well attended and the contributions added great value to the discipline. As usual there was good company, good food, and good entertainment between sessions. We hope that our conferences will be attended increasingly in future so that the society and the field of cultural history will reach its potential as a contributor towards stability, appreciation of heritage and healing amongst the people of this country.

We would appreciate it if each member will put in some effort to recruit new members for the society, because we really need new blood, new faces, new knowledge and new ideas!



# Nasionale Kongres van die SAVK

Die Nasionale Kongres van die SAVK het op 19 en 20 April 2024 in Stellenbosch by die Erfurthuis plaasgevind. Hierdie jaar se tema is *Die rol van genealogie in Kultuurhistoriese navorsing* met referate wat deur kenners van regoor die land aangebied is.

Tydens die kongres het die Algemene Jaarvergadering plaasgevind.

'n Uitstappie aan die Huberte Rupert Kunsmuseum is ook meegemaak waar talle bekende kunswerke deur Suid-Afrikaanse meesters op die kollig geplaas is.


# National Conference of the SASCH

The National Conference of the SASCH was presented on 19 and 20 April 2024 in Stellenbosch at the Erfurthuis. This year's theme is *The role of genealogy in Cultural Historical research* with papers presented by experts from across the country.

The Annual General Meeting took place during the conference.


An excursion to the Huberte Rupert Art Museum was also undertaken where many prominent artworks by South African masters were on display.





## In Memoriam




Dit is met groot hartseer dat ons verneem het van dr. Celestine (Johanna Celestina) Pretorius se afsterwe op 23 Julie 2024. Dr. Pretorius was ‘n baanbreker as kultuurhistorikus en navorser, en het lig gewerp op vele aspekte van die Afrikaner se kultuurgeskiedenis. Haar groot liefde vir die ‘gewone mens’ het na vore gekom in haar lesings oor Afrikanervrouens, die invloed van die Victoriaanse era en Afrikaner volkskuns as dosent by die Universiteit van Pretoria.

Verder het sy baanbrekerswerk verrig in museumkunde en was ‘n stigterslid van die SAVK. Sy was jare lank die redakteur van die vereniging se tydskrif, die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, en het ‘n groot rol gespeel in die akkreditasie daarvan.

Na haar aftrede was sy by die Nasionale Kultuurhistoriese Museum te Pretoria werksaam. Onder haar leiding en uit haar pen het vele publikasies die lig gesien insluitend: *Op Trek: Die daaglikse lewe tydens die Groot Trek*; *Al laggende en pratende: Kaapse vroue in die sewentiende en agtiende eeu*; *Op St. Helena - vol van hartepyn*; *Die oorlogskuns van Erich Mayer*; *Vreeslose Drienie: Die lewe van Hendriena Joubert*; en *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika*.

Ons eer haar vir haar nalatenskap as navorser maar ook vir die rol wat sy in soveel van ons lewens vertolk het.

## In Memoriam

It is with great sadness that we learnt of the passing of Dr Celestine (Johanna Celestina) Pretorius on 23 July 2024. Dr Pretorius was a pioneer as cultural historian and researcher, and shed light on many aspects of the Afrikaner's cultural history. Her great love for the 'common man' came to the fore in her lectures on Afrikaner women, the influence of the Victorian era and Afrikaner folk art as lecturer at the University of Pretoria.


Furthermore, she did pioneer work in museum science and was a founding member of the SASCH.

For many years she was the editor of the Society's journal, the South African Journal of Cultural History, and played a major role in its accreditation.

After her retirement she was employed by the National Cultural History Museum in Pretoria. Under her guidance and from her pen, many publications saw the light: *Op Trek: Die daaglikse lewe tydens die Groot Trek; Almal lag en praat: Kaapse vroue in die sewentiende en agtiende eeu; Op St. Helena - vol hartpyn; Die oorlogskuns van Erich Mayer; Vreeslose Trinie: Die lewe van Hendriena Joubert*; and *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika.*

We honour her for her legacy as a researcher but also for the role she played in the lives of so many.

---



# Stellenbosch Dorpsmuseum open nuwe uitstalling: Gedwonge verskuiwings / Forced Removals

Op 4 April 2024 het die Stellenbosch Museum ‘n uitstalling wat handel oor die gedwonge verskuiwings van die sestigerjare, geopen.


The South African Group Areas Act, No 41 of 1950, had been enforced since the middle 1960s up to more or less 1970 across the country. In Stellenbosch the first official forced removals under this Act took place ca 1965, although a few families had been relocated in the late 1950s.

Amongst others, the visitor can view two films containing interviews with victims of the removals. People who are now in their 70s and 80s account their experiences and emotions regarding this part of South African history.

Die res van die uitstalling bevat tekste en foto’s sowel as ‘n kaart wat met die hulp van elektroniese liggies aandui vanwaar die mense geskuif is en waarheen.
Die uitstalling is nagevors, beplan, ontwerp en ingerig deur Matilda Burden.




Muurpapier met ‘n afbeelding van een van die ou buurte waar bruin mense woonagtig was voor die gedwonge verskuiwings. Die tekste is aanhalings uit van die oud-inwoners se gesprekke.




**Die elektroniese bord waarop aangedui word vanwaar en waarheen mense oral in en om Stellenbosch verskuif is.**

---

# Uitstallings by die Voortrekkermonument

## *Tussen Kerk en Oorlog: Die Burgers van Middelburg*

"By die Erfenisstigting vertel ons stories." So vertel Petra Luus, museumkurator by die Erfenisstigting (ES), toe sy vanjaar die splinternuwe Argief-Wisseluitstalling by die Erfenissentrum op die Voortrekkermonumentterrein geopen het.

Die Erfenisstigting is in 2002 gestig en het sedertdien bekend geword as 'n voorloper in die bewaring van erfenis. "Die Erfenisstigting is die versamelpunt van die Afrikaner se nalatenskap vir die volgende geslag; ons doen meer as bewaring, ons bou ook voort op die geskiedenis deur die stories wat ons met ons werk vertel."

Die ES se argief is die tuiste van duisende stories uit die Afrikaner se geskiedenis en daarom is daar vanjaar besluit om die eerste Argief-Wisseluitstalling, *Tussen kerk en oorlog: Die Burgers van Middelburg,* op die been te bring.

Hierdie uitstalling is op Maandag 17 Junie 2024 geopen en was te sien tot 30 Augustus 2024.
Die uitstalling neem besoekers op die lewensreis van Alewyn Petrus Burger en Adriana Petronella Geertruida (Janie) Burger (née Boshoff). Alewyn Burger was vanaf 1884 'n predikant van die gemeente Nazareth (later Middelburg) gewerk en het 44 jaar in die bediening gestaan.

Gedurende die Anglo-Boereoorlog (1899–1902) was hy vir meer as twee jaar as kapelaan saam met die Middelburg-kommando in die veld. Hy is op 20 Februarie 1902 gevange geneem en na Indië gestuur waar hy in die Bhim-Tal-krygsgevangenekamp aan die voet van die Himalajas aangehou is. Sy vrou Jana en ses kinders is na die Howick-konsentrasiekamp te Durban gestuur waar hulle tot na die oorlog aangehou is. Die uitstalling bevat ook die korrespondensie tussen die egpaar en gesin tydens die oorlog, sowel as ’n brief wat Jana aan Emily Hobhouse geskryf het rakende die toestande in die Howick-konsentrasiekamp. Na die oorlog het Alewyn en Jana Burger hulle aan die opheffing van die verarmde gemeenskap gewy. Ds. Alewyn Burger is op 10 Mei 1937 in Middelburg oorlede.

Die dokumente besit waardevolle inligting vir navorsers wat betref die genealogie van die Burger-familie, die krygsgevangenekamp Bhim-Tal, die Howick-konsentrasiekamp, asook die kerklike ontwikkeling en geskiedenis van Middelburg, Transvaal, rondom die einde van die 19de tot vroeë 20ste eeu.

By die Erfenissentrum het gewilde uitstallings, soos Afrikaners in die 20ste eeu: baanbrekers, bakens en brûe – Poskaartflitse uit die geskiedenis (2008), die Monumentaliteit-uitstalling (2014), Staatsteater-uitstalling (2016), die 1942-Afrikaners-uitstalling (2021) en meer onlangse Pierneef-uitstalling (2022), deur die jare die besonderse verhaal van die Afrikaner vertel en gesorg dat hierdie geskiedenis vir jare behoue kon bly. Verlede jaar (2023) het die ES ook die eerste museumteater in die Suidelike Halfrond, die Toekomsbou-museumteater, die lig laat sien en vanjaar skop die nuwe Argief-Wisseluitstalling die nuwe hoofstuk by die Erfenisstigting af.

Lizette Jansen, bestuurder van die Erfenisstigting, sê dié uitstalling gee ’n unieke blik op die geskiedenis en plaas die kollig op die argief se versamelings. “Hierdie uitstalling is besonders omdat hierdie argivale materiaal vir die navorser en belangstellendes dieper insig bied rakende die omstandighede tydens die Anglo-Boereoorlog, maar ook die genealogiese geskiedenis van die Burgers van Middelburg. Die Erfenisstigting se argief as bewaringsruimte het verskeie stories om te vertel, en hierdie primêre bronne is van onskatbare waarde vir die navorser,” vertel Jansen. “Hier is ongelooflike waardevolle historiese skatte in die ES-argief en nou het ons ook die geleentheid om dít met die wêreld te deel.”



**Erfenisstigting-argivaris, me. Zabeth Botha kies rekords uit die versameling vir die uitstalling.**



**Die uitstalling**

# *Cecile de Ridder: Moeder van die Afrikaner-volkspele*

Die Erfenisstigting het op 3 September 2024 'n nuwe argivale uitstalling, *Cecile de Ridder: Moeder van die Afrikaner-volkspele*, by die Pierneef-galery in die Erfenissentrum bekendgestel. Die uitstalling vertel die verhaal van Cecile de Ridder se kinderdae, haar gesin, en grootliks haar rol in die Volkspelebeweging. Planne van drie van haar groot volkspelevertonings kan besigtig word, naamlik die vertoning by die inwyding van die Voortrekkermonument (1949), die Van Riebeeckfees (1952) en die Pretoria Eeufeesvierings (1955). Die uitstalling is te sien in die Erfenissentrum op weeksdae tussen 08:00 en 16:00.




Cecile Punt is op 15 November 1901 te Arnhem, Nederland gebore. Haar vader was Jacobus Johannes (Jac) Punt, wat in 1892 na die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) gekom het. Haar moeder was Cecile Henriette (Moemoe) Ruwers wat in 1896 saam met haar vader, Willem Juriaan Ruwers en sy gesin na die ZAR geïmmigreer het. Beide Jac Punt en Willem Ruwers was amptenare van die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij (NZASM), - eersgenoemde as stasiemeester van Randfontein en later Braamfontein.

Na die Britse inname van Elandsfonteinstasie op 29 Mei 1900, is Jac Punt en sy vrou Cecile met hul babaseuntjie Willem na Nederland gedeporteer omdat Jac nie in Britse diens wou tree nie. Gevolglik is Cecile Punt in Nederland gebore. Na die Anglo-Boereoorlog het die Punt-gesin na Transvaal teruggekeer en in Pretoria gaan woon.

Cecile het in 1919 aan die Hogere Oost-Eind School gematrikuleer waarna sy by die Swamkundige Herbarium vanaf 1920 tot 1925 gewerk het. In 1925 is sy met Johannes Andries (Dries) de Ridder getroud. Drie kinders is uit die huwelik gebore nl. Johan, Dries en Cecile wat as Didi bekend is. Dries het in 1958 as sekretaris van volkswelsyn afgetree en is twee jaar later oorlede.

In 1941 het Cecile de Ridder die groot volkspelekursus te Heidelberg bygewoon. Hiér het 'n groot liefde vir hierdie gevoelvolle volkskunsvorm by haar ontstaan. Terug in Pretoria het sy in dieselfde jaar die Jakaranda Volkspelelaer gestig wat vandag onder die naam Erikavolkspelelaer voortbestaan.

In 1945 word Cecile de Ridder se volkspelebundel onder die titel "Nuwe Spele" gepubliseer. Hierdie was die heel eerste bundel egte Afrikaanse volkspele wat hul oorspong by ons eenvoudige volksliedjies en piekniekspeletjies het. Hierdie liedjies en speletjies het hul uitmuntend geleen tot die vorming van die tradisionele volkspele met sy kenmerkende ontspannende kringspeletjies, meesleurende sjarme en buitengewone hoflikheid. Gedurende 1955 het Cecile se tweede volkspelebundel getiteld "Ons Eie Volkspele" die lig gesien. Tot vandag toe kan dit as die standaard -handleiding vir die Afrikaanse Volkspele beskou word.

Die uitsonderlikste bydrae tot hierdie aspek van die Afrikaner se kultuurontwikkeling, was die groot volkspelevertonings wat sy by die inwyding van die Voortrekkermonument in 1949, die Sentrale Van Riebeeckfees in Kaapstad in 1952, en die Pretoria Eeufees in 1955 aangebied het. Wat egter die grootste byval by hierdie volkspelevertonings gevind het, was die tablo's wat gevorm is, nl. die ossewatablo in 1949, die landkaarttablo in 1952 en die dubble osswa tot vliegtuigtablo in 1955. Vanaf 1946 tot 1953 bied sy elke jaar 'n volkspelevertoning aan as deel van Pretoria se destydse bekende Jakarandafeeste.




In 1953 en 1958 het Cecile de Ridder oorsese volkspeletoere meegemaak. Onder leiding van die "vader van ons volkspele", dr. SH Pellisier, en met Cecile as spelleidster, het die toere na Europa plaasgevind.

Sy het by uitnemenheid daarin geslaag om daardie wonderlike gees van liefde vir die volkseie, wat uit die Simboliese Osswatrek van 1938 ontstaan het, tot selfs groter hoogtes in die volkspelebeweging uit te brei. Die Volkspelebeweging staan as 'n monument van haar toewyding en ywer.

Cecile de Ridder was geseën met 'n buitengewoon lang en vrugbare lewe. Sy is op 1 September 2002 in Pretoria op die ouderdom van 100 jaar oorlede.

---

## Die SP Engelbrecht Museum nooi jou vriendelik uit… ‘n Reis terug in tyd!

Die versameling is in 1901 deur prof. Fanie Engelbrecht begin toe hy sy oorlede vader se sterf-onderbaadjie ontvang het. Die museumversameling is in 1961 amptelik in die Dirk van der Hoffgebou uitgestal; sedert 1995 in Barton Keep-herehuis en van 2010 tot 2018 in die Du Toitstraat-kerkgebou. Vanaf 2018 leef die Museum voort in die oudste kerkie in Moot (Pretoria).

Prof. SP Engelbrecht (1891 - 1977), kerkhistorikus en teoloog, word beskou as ‘n kerkvader van die NHKA. Hy was kerkhistorikus by uitnemendheid. Hy doseer kerkgeskiedenis aan UP, maar ook Suid-Afrikaanse vaderlandsgeskiedenis. Ons sien dit in ons versameling: kerkeie-items (kerkvoorwerpe en kerkmense se voorwerpe), maar ook kultuurvoorwerpe wat ons volksgeskiedenis in herinnering roep. Dit is ’n baie kosbare versameling wat prof. SP met versiendheid bymekaargemaak het! Ds. DF Erasmus sr. het geskryf prof. SP argusoë gehad het, dus ‘n klomp oë waarvan ‘n paar altyd wakker was. Hy was altyd wakker en bewus – hy het items raakgesien en geïdentifiseer wat bewaringswaardig vir ons geskiedenis is en veral ons toekoms.

Hierdie unieke versameling is die vrug van prof. SP Engelbrecht se intense belangstelling in die geskiedenis van die Hervormde Kerk en sy besef dat die tasbare oorblyfsels van hierdie geskiedenis vir die nageslag bewaar moet word. Dit is ‘n kerk- en kultuurhistoriese skat wat die NHKA se Protestantse herkoms en inheemse voortgang in Suider-Afrika uitbeeld.

**WERD OM TE WEET**



•Google / Facebook-blad: SP Engelbrecht Museum
•Oop vir besoeke per afspraak. Enige dag of tyd. Reël net 'n dag of wat voor die tyd. Die Museum maak net oop per voorafgereêlde afspraak. Reël besoeke met ds Johann de Bruin by 0827333951 of careljohann@gmail.com
•Aandbesoeke is nogal besonders.
•Toegangsfooie: R40 per persoon.
•Betaal vooraf in Absa tjekrekening Kerkgeld vir Kerkwerk 020149752 met verwysing 2533K + jou naam en stuur asb. bewys van betaling aan 0827333951 of careljohann@gmail.com
•Veilige parkering op die gras
•Oprit vir rolstoele.
•Piekniek- en braaiplek. Onder afdakkie by ossewa of in saal of op gras - teen klein donasie aan koster. Bring piekniekpakkies! Koffiewater is beskikbaar in die kombuis.
•Die SP Engelbrecht Museum is die grootste kerkmuseum in Suid-Afrika.
In die 1905-Wonderboompoort Kerkie – een van die oudste kerkgeboutjies in die Moot van Pretoria, Mansfieldlaan 624, Eloffsdal, Pretoria

**KRY ONS HIER**

In die 1905-Wonderboompoort Kerkie – noord van die Dieretuin, wes van Voortrekkerweg / Steve Bikostraat en Eugène Marais Hospitaal, oos van Mansfieldlaan. Rooi dak; wit mure.
Op GPS Google Maps: SP Engelbrecht Museum of (in Engels) 624 Mansfield Avenue.
Roete: Draai vanuit Mansfieldlaan of Steve Bikostraat (Voortrekkerweg) in Booysenstraat, ry om die blok met Wegerlelaan; ingang vanuit Eloffstraat, hek 4 (nie hek 3 voor die saal nie), gemerk SP Engelbrecht.

# FAK Familie- en Erfenisfees（genealogie）/ FAK Genealogy Expo

As deel van die Kultuurtuiste Erfenisfees word die immergewilde FAK FAMILIE- & ERFENISFEES (genealogie) ook weer deur die FAK Genealogielessenaar (www.genealogielessenaar.com) in die Voortrekkersaal aangebied. Die FAK-Genealogielessenaar is in Januarie 2020 gevestig om veral FAK-vriende, maar ook die algemene publiek, by te staan in hul genealogiese navorsing.

Ons moedig individue en families aan om die kans te benut om 'n wye verskeidenheid uitstallers, buiten die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK), ook navorsers (Bartman(n); Bekker; Botha; Claassen; De Lange; Dreyer; Human; NG Kerk Fotoboek: ons erfenis;) verenigings (Genealogiese Genootskap van SA (GGSA): Noord-Gautengtak; Hugenote Vereniging van SA (HVSA); SA Vereniging vir Kultuurgeskiedenis (SAVK)), familiebonde (Fourie-; Malan- & Swart-familiebond) en uitgewers (Protea Boekhuis; NALEDI Uitgewers) rondom familiestambome en familie-erfenis in 'n feesatmosfeer te ontmoet.

Die fees bied verskeie verrassings/gelukkige trekkings wat aangekondig sal word.

Die Erfenisfees op die Voortrekkermonumentterrein sal sorg vir hope pret, lekker eet- en drinkgoed, asook genoeg kuiergeleenthede vir jonk en oud.

Datum: Dinsdag 24 September 2024
Plek: Voortrekkersaal, Voortrekkermonument
Tyd: 08:30-15:00
Inligtingsessie: 11:00 met tema, 'Die A,B,C,D,E,F,G van Genealogie' : paneelbespreking o.l.v. Isabel Groesbeek

Bring vrae en bekende leidrade oor jou persoonlike genealogie en familiegeskiedenis en kom vier jou persoonlike erfenis.

Kaartjies vir toegang tot Voortrekkermonumentterrein en Erfenisfees op PLANKTON-platform via www.kultuurtuiste.org.za of by die hek met spesiale prys vir pensioenarisse en kinders.

Navrae: Isabel Groesbeek by isabel@kultuurtuiste.org.za



# Erfenisstigting se Erfenisberaad 2024




SAVK-lede word hartlik genooi om die Erfenisstigting se Erfenisberaad op Vrydag, 25 Oktober 2024 by die Voortrekkermonument, Pretoria by te woon. Hierdie jaar se tema is *Die toekoms van Pretoria-erfenis: Eerstehulp vir erfenis in nood*. Jy kan uitsien na 'n diverse groep sprekers wat oor die stand van erfenis, erfenisprojekte, -bewusmaking en -bevordering sal gesels, insluitend:

Me. Riana Mulder, Pretoria se beginjare: Die belangrikheid van dokumentering
Me. Leonie Marais, Erfenis en Bewaring van die Historiese Stedelike Landskap
Me. Melissa Lindeque, Van toeka tot nou, en dan hoe nou?
Prof. Anton van Vollenhoven, Die fortifikasies van Pretoria - moontlikhede vir volhoubare bewaring
Mnr. Barry Müller, FAK Kultuurnetwerke en die Heldeakker-projek
Mnr. Theo Ligthelm & me. Petronel Fourie, Blou Erfenis Bordjies as Bewaringsinstrument: Die Middelburg ervaring
Mnr. Johan van Biljon, Toeristegidse en Erfenistoerisme

Datum: Vrydag, 25 Oktober 2024 om 08:00 vir 08:30
Plek: Krugergalery, Voortrekkermonument, Pretoria
Koste: R350.00 (sluit middagete in)
Bespreek by petra@kultuurtuiste.org.za teen 18 Oktober 2024.

Hierdie uitgawe van die *Sonnerad* is saamgestel en versorg deur Lizette Jansen.
Taalversorgers: Estelle Pretorius (Afrikaans)
Cecilia Kruger (Engels)

Die Sekretaris
SA Vereniging vir Kultuurgeskiedenis
Posbus 11403
Hatfield
0028
RSA
petra@kultuurtuiste.org.za

The Secretary
SA Society for Cultural History
Po Box 11403
Hatfield
0028
RSA
petra@kultuurtuiste.org.za